

Sondag 31 Maart

Skrifgedeelte: Openbaring 19:5-10

Fokusgedeelte: Openbaring 19:7

Saamwees vir ewig

'n Bruilofsfees bly maar in enige paartjie se lewe 'n hoogtepunt. Soveel meer is die bruilofsfees van die Lam van God die hoogtepunt waarna elke gelowige uitsien. Al ons hoop en ons verwagtinge in hierdie gebroke bedeling is gerig op die aanbreek van dié bruilofsfees van die Lam. Nadat God finaal met al sy vyande gehandel het, sal hierdie fees aanbreek wanneer Christus se bruid, elke gelowige deur al die eeue, 'n jubellied sal sing. Ons sal God loof en prys vir die verlossing wat Hy in Christus bewerk het en omdat die Here, ons God, die almagtige, alleen Heerser oor alles en almal sal wees.

Die wonderlike is dat God ons toelaat om ons nou reeds met fyn linne te mooi te maak en te versier. Nou reeds maak Christus ons deur sy Gees mooi deur ons "regverdige dade". Waar gelowiges in hierdie lewe in alle omstandighede vashou aan Jesus se getuienis EN dit met ander deel, word sy bruid net mooier en mooier.

Elkeen wat die Vader reeds voor die skepping aan die Seun gegee het, is die gelukkigste mense wat daar kan wees, want alles wat in hierdie lewe met ons kan gebeur, die goeie en die slegte, loop uit op 'n intieme saamwees met Christus. Hiervoor sal die getroue en liefdevolle Vader sorg. Dit gaan 'n saamwees wees wat vir ewig gaan duur. Dis hierdie vir ewig by Christus die Bruidegom wees en om as sy bruid vir ewig intiem saam met Hom wees wat die hemel hemels maak. Dis die onbeskryflikste hoogtepunt waarna elke gelowige uitsien en op hoop!

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)